

Tydberekenings formules

Die volgende informasie is gebaseer op Levitikus 23.

Nuwe jaar: Die eerste nuwe Maan na die Ewening

Paasfees: 15^{de} van die Eerste Maand

Week van Ongesuurde Brode: Begin die dag na Paasfees en hou vir sewe dae aan

Eerste Vrugte/Die Waaioffer: Die eerste Sondag na Paasfees

Fees van Weke: 50 Dae na Eerste Vrugte

Blaas van die Shofar : 1^{ste} dag van die Sewende Maand

Dag van Toedekking: 10^{de} dag van die Sewende Maand

Fees van Tabernakels: Begin op die 15^{de} dag van die Sewende Maand en hou vir sewe dae aan

Hierdie kan in wiskundige vorm gestel word vir die maklike uitwerk van datums. Onthou dat met datums word daar een minder nommer gebruik omdat die dag self tel klaar as een. Dus, is 'n "week van Ongesuurde Brode" +6 en nie +7, en so voorts.

waar:

Ewening= E

Nuwe Maan= N

Sondag= S

$N_{1/7}$ dui die Nuwe Maan/Maand nommer aan

Nuwe Jaar (NJ):

$$NJ = E + N_1$$

Paasfees (P):

$$P = NJ + 13$$

Week van Ongesuurde Brode (OB):

$$OB = P + 1 \text{ tot } P + 6$$

Eerste Vrugte (EV):

$$EV = P + S_1$$

Fees van Weke (W):

$$W = EV + 49$$

Blaas van die Shofar (B):

$$B = N_7$$

Dag van Toedekking (T):

$$T = N_7 + 9$$

Fees van Tabernakels (FT):

$$FT = N_7 + 14 \text{ tot } N_7 + 20$$

Sit die Gregoriaanse datums vir die gegewe jaar in die formules in en werk dan die datums uit vir elke fees. Onthou om altyd die antwoorde te bevestig deur om met die werklike maan-sigbaarheid te vergelyk. Alle dae begin in die aand, so onthou ook dat elke datum wat so uitgewerk word, die vorige aand al begin op die Gregoriaanse Kalender.